LAERSKOOL KOLLEGEPARK

NUUSBRIEF: 8 NOVEMBER 2024

SKOOLFONDS

Baie dankie aan elke ouer wat die begrotingsvergadering bygewoon het en die begroting goedgekeur het. Graag gee ons **2025** se skoolfonds aan u deur.

Ouers wat 'n debietorder het by die bank moet asseblief onthou om die nuwe bedrag aan te pas.

INTREE SKOOLFONDS			
R400 per kind betaalbaar voor 17 Januarie 2025			
SKOOLFONDS GR.1 - 7	**Per kind per maand**	**Totaal per maand per gesin**	**Totaal per jaar per gesin**
Enkel leerder (Gr.1 – 7)	R1050	R1050	R11 550
2 leerders per gesin (Gr.1-7)	R1050	R2100	R23 100
3 of meer leerders per gesin (Gr.1 – 7)		R2550	R28 050
Geen afslag op vroeër betalings nie			

INTREE SKOOLFONDS			
R400 per kind betaalbaar voor 17 Januarie 2025			
SKOOLFONDS GR.R & RR	**Per kind per maand**	**Totaal per maand per gesin**	**Totaal per jaar per gesin**
Enkel leerder (Gr.R)	R1200	R1200	R13 200
Enkel leerder (Gr.RR)	R1320	R1320	R14 520
Geen afslag op vroeër betalings nie			

Indien u enigsins 'n probleem sou ervaar om die volle skoolfonds vir 2025 te vereffen, moet u voor die einde van die 1ste kwartaal met Mev. Ehlers kontak maak by 072 594 9028.

Ons herinner u dat uitstaande skoolfonds vir 2024 asseblief betaal moet word voor 13 Desember 2024

SKRYFBEHOEFTEPAKKETTE
Daar is nog enkele skryfbehoeftepakkette in die kantoor te koop vir die volgende grade:
Graad RR, graad R, graad 2, graad 3, graad 4, graad 5, graad 6 en graad 7. Ongelukkig is die pakkette vir graad 1 reeds uitverkoop.

RAPPORTE
Die datum waarop rapporte uitgegee sal word, sal deur die graadgroepe aan u deurgegee word.

TEENWOORDIGHEIDSREGISTER
Die teenwoordigheidsregister sal tot en met 22 November bygehou word.

PRYSUITDELING 2024
Baie geluk aan elke leerder wat vir getroue en volgehoue harde werk en mooi prestasies op akademiese-, sport-, kultuur- en leierskapgebied vereer is.

HOOFLEIERS VAN 2025

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot hoofleiers vir 2025:

Hoofseun: Heinrich du Plessis
Onderhoofseun: Keanu Beneke
Hoofdogter: Miané de Clercq
Onderhoofdogter: Karli Nieuwenhuizen

Ons gee ‘n paar belangrike datums aan u deur:

- 19 November: Gr.7- klokseremonie
- 19 November: Gr.1- Inligtingsaand: 17:30
- 20 November: Ontmoet jou Juffrou: 16:30-17:30
- 21 November: Gr.7 - Afskeid

2025 SKOOLKWARTALE

Kwartaal 1: 15 Januarie tot 28 Maart
Kwartaal 2: 08 April tot 27 Junie
Kwartaal 3: 22 Julie tot 03 Oktober
Kwartaal 4: 13 Oktober tot 10 Desember

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE PAAR DAE VAN DIE 2025 SKOOLJAAR

- **13 en 14 Januarie:** Afhaal van skrifte tussen 08:00-09:00 by graad 4- klasse op die boonste vloer van die seniorblok.
- **14 Januarie:** Graad 1-leerders ontmoet onderwysers en ontvang boeke tussen 07:00 en 09:00.
- **15 Januarie:** Skool heropen vir alle leerders. Graad RR-en R-leerders en ouers kom om 07:30 in die saal bymekaar.
- **17 Januarie:** Huissport
- **20 Januarie:** Inligtingsaand: Graad 2-7
- **21 Januarie:** Alternatiewe dag vir huissport

Dankie aan elke ouer en leerder wat bygedra het om van 2024 ‘n sukses te maak. Dankie dat u saam met die personeel van Laerskool Kollegepark gebou het aan ‘n blink toekoms vir u kind en ons trotse skool.

Mag elkeen ‘n geseënde Kersseisoen en ‘n voorspoedige nuwe jaar beleef. Mag God sy hand van beskerming oor elkeen hou tydens die feestyd.

Kollegepark-groete

MNR. C.F. HERBST
HOOF